# WAPENRUSTING – Skoene van Bereidheid

## 1. PRAISE EN WORSHIP

## 2. YSBREKER: 1 – Big Foot

- Elke kind word geblinddoek
- Elke groep moet probeer om hullself van die grootste tot die kleinste voet, in 'n ry, te rangskik sonder om te praat

## 3. YSBREKER 2: Horseshoe toss

- Elke kind trek een van hulle skoene uit
- Elke groep gaan staan in die middel van die kerk met hulle gesigte na die muur
- Elke kind kyk hoe ver hulle hul skoen kan gooi na die muur se kant toe
- 4 groepe neem op 'n slag deel, x2 bo en x2 onder

## 4. YSBREKER 3: Skoene modeparade deur die leiers

- Die leiers moet asb probeer om vanaand 'n paar ongewone skoene vir jeug saam te bring bv. Pantoffels, dansskoene, flippers, gumboots, armyboots ens. Enige paar skoene in jou kas wat 'anders' is
- Die leiers trek hulle 'snaakse' skoene aan en gaan staan op die verhoog
- Ons praat bietjie oor elke soort skoen en wat die doel van die skoene is

## 5. SKOENE VAN VREDE:

***<u>Vrae in die groepe</u>***:

Die antwoorde is NET 'n hulpmiddel vir die leiers, begelei die kinders om SELF by die antwoorde uit te kom asb.

| ***<u>Vraag 1</u>***: Skoene is nie eintlik deel van 'n soldaat se 'gevegs-toerusting' soos die helm, gordel, borsharnas, skild en swaard nie. Hoekom dink JULLE is die skoene dan deel van die wapenrusting, **m.a.w watter doel dien die skoene as deel van 'n soldaat se toerusting?** |
|---|
| Dink gou hoe 'n soldaat sonder skoene aan sy voete gaan lyk – hy het sy helm op, sy borsharnas, sy skild, swaard en belt, maar geen skoene nie. Gaan hy baie effektief kan wees? NEE, want hy gaan heeltyd moet kyk waar hy trap en pasop vir dorings en takke in plaas daarvan om sy volle aandag aan die geveg te kan gee. |

| ***<u>Vraag2</u>***: **WAT is die evangelie van vrede**?<br>Ef 6: (15) en die bereidheid om die evangelie van vrede te verkondig as skoene aan die voete |
|---|
| Dis die goeie nuus dat Jesus Christus vir ons aan die kruis gesterf het, sodat ONS kan leef, en DIT bring vir ons vrede, want ons kan eendag saam met Jesus in die hemel wees i.p.v by satan in die hel – AS ons ons lewens vir Jesus gee! |

| ***<u>Vraag 3</u>***: **Wat het die evangelie van vrede met skoene te doen**? |
|---|

| |
|---|
| Gebruik die volgende teksverse om julle te help.<br><br>Rom 10:14-15 “Maar hoe kan ‘n mens Hom aanroep as jy nie in Hom glo nie/ En hoe kan jy in Hom glo as jy nie van hom gehoor het nie? En hoe kan jy van Hom hoor sonder iemand wat preek? 15. En hoe kan iemand preek as hy nie gestuur is nie? Daar staan ook geskrywe: “Hoe wonderlik klink die voetstappe van die wat die goeie boodskap bring” |
| Dis ONS as God se kinders se werk om vir ander van Jesus te vertel, en so sal die vrede wat mens NET kan hê as jy aan Jesus behoort deur die wêreld versprei. As ons ons skoene aanhet, dan leef ons so dat ander Jesus in ons kan sien, en NIE soos die wêreld nie! Ons vertel ook vir ander van Hom en wat Hy vir ons doen wanneer ons die kans kry. |

| |
|---|
| ***Vraag 4***: **Hoe help ons geestelike skoene ons om vas te staan teen die vyand**?<br>Gebruik die volgende teksverse om julle te help.<br><br>Joh 14:27 “Vrede laat Ek vir julle na; my vrede gee Ek vir julle. Die vrede wat Ek vir julle gee, is nie die soort wat die wêreld gee nie. Julle moet nie ontsteld wees nie, en julle moet nie bang wees nie”<br><br>Lukas 10:19-20 “Kyk, Ek het aan julle die mag gegee om op slange en skerpioene te trap en om die vyand met al sy geweld te oorwin, sonder dat iets julle enige leed aandoen. 20. En tog moet julle nie bly wees net omdat die geeste hulle aan julle onderwerp nie, maar wees veral bly omdat julle name in die hemel opgeskryf nie” |
| ***Joh 14:27*** – Die sandale van ‘n Romeinse soldate het gewoonlik iets soos spykers onder gehad wat hulle gehelp het om vas te trap en nie te gly nie.<br><br>Wanneer die satan kom met sy klomp leuens, dan staan ek vas met my skoen op die goeie nuus van wat Jesus vir ons gedoen het en ek vertel ander daarvan. Wanneer ons dit wat Jesus vir ons gedoen het REGTIG vir ons vat, en dit glo met ons hele hart, dan raak dit vir ons makliker om nie bang te wees nie, want ons weet dat Jesus reeds vir al’s op die kruis betaal het, en daarom het ons niks om voor bang te wees nie.<br><br>***Luk 10:19-20*** – Net soos regte skoene ons help om op plekke te loop waar daar klippe en dorings is en ons voete nie seerkry nie, net so help die skoene van die evangelie van vrede ons om vas te staan wanneer die satan kom en jou leuens vertel, want dan staan jy vas op God se Woord, Sy beloftes en die goeie nuus van wat Jesus vir jou gedoen het. En DIT gee ons vrede in ons harte, die wete dat ek eendag saam met Jesus gaan wees, en dat DIT beter as enige iets hier op aarde gaan wees. ***Rom 8:18 “Ek is daarvan oortuig dat die lyding wat ons nou moet verduur, nie opweeg teen die heerlikheid wat God vir ons in die toekoms sal laat aanbreek nie”*** |

| |
|---|
| ***Vraag 5***: **HOEKOM word dit ‘n evangelie van vrede genoem**?<br>Gebruik die volgende teksverse om julle te help |

| |
|---|
| Jes 9:5-6: “Vir ons is ‘n Seun gebore, aan ons is ‘n Seun gegee: Hy sal heers, en Hy sal genoem word: Wonderbare Raadsman, Magtige God, Ewige Vader, Vredevors. 6. Sy heerskappy sal uitbrei, en Hy sal vir altyd vrede en voorspoed bring. Hy sal op die troon van Dawid sit en oor sy koninkryk regeer. Hy sal die koninkryk vestig en in stand hou deur reg en geregtigheid, van nou af en vir altyd. Daarvoor sal die onverdeelde trou van die Here die Almagtige sorg” |
| Die Bybel is baie duidelik dat wanneer God die satan oorwin het, gaan die wêreld volgens GOD se manier begin leef, en dit sal wêreldwye vrede bring. Daar sal nie meer oorlog en vrees wees nie, NET die vrede wat mens kry wanneer jy God se manier leef. |

## 6. SLUIT AF MET GEBED IN DIE GROEPE EN KRY DIE SELFONE